

Kruispad e-tydskrif Desember 2021

Die Lig is vir ons gebore!

In Johannes gee Jesus vir ons uitsprake oor wie Hy is. Ons kan hierdie “Ek is”-uitsprake gebruik om meer van Hom te leer. Een van dié uitsprake is: “*Ek is die lig vir die wêreld*” (Johannes 8:12).

Ons het besluit om hierdie adventstyd by dié uitspraak van Jesus stil te staan. Dis byna vanselfsprekend dat die besluit van hierdie tema tydens die laaste beurtkrag gekom het – niks maak die belangrikheid van lig só duidelik soos ’n tekort aan elektrisiteit nie! Dink nou aan die geestelike duisternis waarin die wêreld is. Dié duisternis is die sonde waarin ons almal vasgekeer is. Ons het lig nodig – ons het Jesus as ons lig nodig.

Lig speel ’n baie belangrike rol regdeur die Bybel. Dit word telkemale gebruik om na Jesus te verwys. Dit wys heen na Jesus as die ware Lig wat skyn. Bo en behalwe hierdie verwysings, is daar baie verwysings in die Bybel na gelowiges wat lig moet wees. Jesus verlig ons – en maak dat ons as gelowiges in ’n donker wêreld helder kan skyn. In Johannes 12:36 word ons opgeroep om te glo in die Lig en “kinders van die lig te word”.

In hierdie adventstyd, hou dié woorde van Johannes 1:9 in jou gedagtes: “*Die ware lig wat elke mens verlig, was aan die kom na die wêreld.*” Jesus, die ware Lig hét na die aarde toe gekom om ons te verlos. Volg dié Lig. Léwe dan as ’n lig vir die wêreld.

[Lees hierdie maand se Kruispad e-tydskrif hier](#). As jy enige vrae het, stuur gerus ’n e-pos. Mag jy hierdie adventstyd die ware Lig in jou lewe raaksien.

Tot volgende maand,
Kruispad-redaksie

Vir die jeug

Die [Deputate Jeugsorg se webwerf](#) het hulpmiddels vir almal wat met die jeug werk. Hierdie jaar het ons ’n nuwe boekie met aktiwiteite wat die gesin saam kan doen om meer oor Jesus as die Lig vir die wêreld te leer. [Gaan hier](#) om dit af te laai. [Klik hier](#) om al die hulpmiddels vir Kersfees te sien.

Kies Jesus, kies die Lig

Ons lees in Johannes 3:19 dat mense die duisternis bo die lig liefgehad het. Kies jy Jesus bó die duisternis? Laat die Lig van die wêreld jou lewe verlig. [Lees die artikel hier](#).

Hoekom word Jesus “die Lig vir die wêreld” genoem?

Voor Jesus se koms was die wêreld in duisternis. [Lees hier](#) hoekom Jesus gekom het, hoekom Hy as die Lig vir die wêreld beskou word, en hoe ons in sy lig kan leef.

Die Lig bring ons tot bekering

Net soos wat God eens in Genesis beveel het: "laat daar lig wees!" (Genesis 1:3), so beveel Hy dat ons donker harte ineens verlig moet word. [Lees hier](#) met wat en hoe ons verlig word.

Jesus is die ware Lig – volg Hom!

Jesus is die Lig wat aarde toe gekom het. [Lees hier](#) wat dit beteken om dié Lig te volg en hoe ons dit moet doen.

Lewe as ’n lig vir die wêreld!

In Efesiërs 5 kry ons die opdrag om as mense van die lig te leef. [Lees hier](#) wat dit beteken om as Christen van duisternis na lig te gaan, en hoe dit beïnvloed hoe jy lewe.

Die Woord is die lig op ons pad

Die Bybel gebruik dikwels die beeld van ’n pad om ons lewens te beskryf. Die pad wat jy loop wys jou lewe. [Lees meer](#) oor die rigtingwyser wat God aan ons gegee het.

Het jy genoeg olie vir jou lamp?

Kruispad kyk na die gelykenis van die tien meisies en hul lampe in Matteus. [Lees hier](#) hoe jou lewe lyk as jy altyd lewe asof die bruidegom op pad is.